# Drie



*Drie pop-mooi rokkies met linte en strikke, vir 'n spesiale kleintjie . . .*

## GEEL MET INRYGLINTE

**BENODIGDHEDE:** *200 g Pingouin Nr. 5 (50-g-bolle); breinaalde van 3 mm; 3 knopies; 2 m geel satynlint; stel van 4 tweepuntbreinaalde.*
**MATE:** *Om kleuter van ongeveer 2 jaar te pas.*
**SPANNING:** *30 ste en 40 rye* = 10 x 10 cm oor koussteek.
**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); alt - alternatiewe; herh - herhaal; vlg - volgende; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; ks - koussteek; ms - mossteek; grtgo - glip 1 steek, brei 1 steek regs, trek glipsteek oor.*
**Verlengde steek:** Bestaan uit 2 rye, wat soos 1 uitgerekte ry lyk.
**1e ry:** Steek regterbreinaald in steek op linkernaald en brei soos gewoonlik, maar draai garing 2 keer rondom breinaald vir elke steek.
**2e ry:** Brei die r-steek aw en laat val die ekstra lus.

**VOORPANT:** Stel 130 ste op en brei 8 rye ms.
Slaan nou oor na 5 rye ks, afgewissel met die 2 rye wat benodig word om 1 ry gaatjies op te lewer.
Brei so voort tot werk 25 cm lank is.
Brei daarna 10 rye buissteek, dan 'n vermin-ry deur elke 2 ste tes te brei tot einde van ry.
Daar is dan 65 ste. Brei 2 cm ms oor die ste.
**Mousgatvorming:** Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye.
Vermin 1 st aan weersk van vlg ry — 55 ste bly oor.
**Halsvorming:** Brei 22 ste ms, heg die vlg 11 ste af, en brei voort op laaste 22 ste.
Vermin aan halsrand 2 keer 2 ste en 1 keer 1 st.
Heg die oorbl 17 ste in daaropvlg ry af. Brei 2e skouer op dieselfde manier.

**AGTERPANT:** Soos voorpant tot einde van buissteekrye.

**Rugopening:** Verdeel ste in 2 gelyke dele en stel 4 ste op aan albei middelste rande. Brei ms, en maak 3 knoopsgate in die 5 cm tussen middel en halsrand, op gelyke afstande.

**MOUE (2):** Stel 34 ste op en brei 6 rye ms. Brei voort in ks, brei 2 keer in elke st — 68 ste.
Brei 4 rye ks, en die 2 verlengsteekrye, dan 3 rye ks en weer die *2 verlengsteekrye, 3 rye ms*; herh van * tot * nog 4 keer, heg daarna 2 ste af aan beg van elke ry tot 12 ste oorbly; heg in vlg ry alle ste af.
**Halsstrook:** Tel ste rondom halsrand op en brei 4 rye ks, 1 gaatjiesry (= r2tes, m1 tot einde), 4 rye ks.
Heg lossies af. Vou halsrand by gaatjiesry na binnekant om 'n soort picot-ry te vorm en werk vas.

**AFWERKING:** Werk alle nate toe. Werk aan een rugopeningkant 3 klein knopies teenoor knoopsgate aan. Ryg linte deur moue en halsrandgaatjies. Ryg 'n stuk rek deur buissteek in middel en werk punte vas.

### SOKKIES

**Oop steek: 1e ry:** *r3, (m1, grtgo) 4 keer; herh van * tot einde van ry.
**2e en alle ewe rye:** r tot einde.
**3e ry:** *r4, (m1, grtgo) 3 keer, r1; herh van * tot einde van ry.
**5e ry:** *r5, (m1, grtgo) 2 keer, r2; herh van * tot einde van ry.
**7e ry:** *r6, m1, grtgo, r3; herh van * tot einde van ry.

**AANWYSINGS:** Met tweepuntbreinaalde stel 44 ste op en brei 4 rondtes, dan 1 gaatjies-rondte (= r2tes, m1) en weer 4 rondtes regs, 6 rondtes ms, die 8 rondtes oop steek soos uiteengesit, brei daarna slegs regs.
Die hak word oor 22 ste gebrei; plaas 20 ste vir wreef op reserwenaald. Brei 14 rye ks. Brei slegs oor die middelste 10 van hierdie 22 ste in ks voort (heen en weer) en neem in elke ry aan weersk van hierdie oorspronklike 10 ste telkens 1 st op tot alle ste weer in gebruik is.
Brei nou weer met 4 naalde, tel die ste aan syrand van hak en dié wat op reserwenaald gelaat is, op. Brei regs voort in rondtes oor alle ste. Vermin 1 st aan weersk van wreef-ste, 3 keer; brei dan nog 25 rondtes reguit. Verdeel ste in 5 gelyke dele en vermin 5 ste in elke rondte tot slegs 'n paar ste oorbly; knip garing af, maar laat 'n stuk om deur oorblywende steke te ryg; trek vas en werk netjies af.

## PIENK MET RIFFELROMP

**BENODIGDHEDE: Rokkie:** *3 bolle Pingouin Nr. 5 (50-g-bolle); breinaalde van 3 mm; 3 knopies; 1,5 m lint om deur gaatjies te ryg.* **Sokkies:** *1 bol Nr. 5, stel van 4 twee-*

# Waspoppies

*puntbreinaalde van 3 mm.*
**MATE:** *Om kleuter tot 2 jaar te pas.*
**SPANNING:** *30 ste en 40 rye = 10 x 10 cm oor koussteek.*
**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) steek(steke); alt - alternatiewe; herh - herhaal; vlg - volgende; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; ks - koussteek; ms - mossteek; rs - reksteek; m1 - maak een steek; pat - patroon; grtgo - glip 1 steek, brei 1 steek regs, trek glipsteek oor.*
**Verlengde steek:** Dit bestaan uit 2 rye wat soos 1 uitgerekte ry lyk.
**1e ry:** Steek regterbreinaald in steek op linkernaald en brei soos gewoonlik, maar draai garing 2 keer rondom breinaald vir elke steek.
**2e ry:** Brei die r-steek aweregsgewys en laat val die ekstra lus.

**VOORPANT:** Stel 140 ste op en brei 6 rye rs.

Slaan oor na r7, aw7, om die indruk van plooie te skep.

Brei 24 rye en vermin 1 st aan weersk van elke aw-baan. Brei so voort tot werk 24 cm lank is. Vermin elke 24e ry soos gestel.

Vermin dan 1 st om die plooie te beëindig — 70 ste.

Brei ks tot werk 31 cm lank is.
**Vermin-ry:** (r6, r2tes) 8 keer, r6 — 62 ste.

Slaan oor na 1:1-rif en brei 10 rye.

Brei dan *(5 rye ks, 2 rye vir verlengde steek)* 2 keer, d.w.s., 2 patroonherhalings.
**Mousgatvorming:** Hou die gaatjies en koussteekpatroon deurlopend, maar heg 2 ste af aan beg van vlg 4 rye; vermin 1 st aan beg van vlg 2 rye. Brei voort tot 5 patherh voltooi is — 11 cm.
**Halsvorming: Vlg ry:** Heg middelste 12 ste af en brei skouers afsonderlik.

Heg aan halsrand 2 keer 2 ste af, dan 1 keer 1 st.

Wanneer lyfie 14 cm lank is, heg alle ste in vlg ry af.

Heg garing aan halsrand van 2e skouer vas en brei soos uiteengesit, al die vormings omgekeerd.

**AGTERPANT:** Soos voorpant tot rif in middel. Verdeel ste in helfte vir rugopening, stel 4 ste op aan albei rugopeningrande om knoop- en knoopsgatstrook te vorm en hou die 6 ste aan elke rugopeningrand in rs. Brei die 2 helftes afsonderlik om met voorpant ooreen te stem.

**MOUE (2):** Stel 34 ste op en brei 6 rye rs om mouboordjie te vorm.
**Vlg ry:** Brei 2 keer in elke st — 68 ste.

Brei 5 rye ks en die 2 rye vir verlengde st; brei voort in pat, maar heg 2 ste af aan beg van elke ry tot 12 ste oorbly. Heg af.

**AFWERKING:** Werk nate toe. Tel ste aan halsrand op en brei 4 rye ks, 1 ry (r2tes, m1) tot einde, dan weer 4 rye ks. Heg lossies af.

Vou halsstrook by gaatjiesry na binnekant om en werk steke met naald en garing een vir een aan halsrand vas. Dit gee 'n soort picotrandjie.

## SOKKIES

**Oop steek: 1e ry:** *aw2, m1, grtgo, r2tes, m1*; herh van * tot * tot einde.
**2e en alle ewe rye:** *aw2, r4; herh van * tot einde.
**3e ry:** *aw2, r1, steek naald in 2e st op linkernaald en r die steek, maar moenie dit laat val nie; brei nou die eerste st en laat val albei steke tesame; herh van * tot einde.

**AANWYSINGS:** Met tweepuntbreinaalde stel 42 ste op en brei 4 rondtes ks, 1 rondte (r2tes, m1), 4 rondtes ks; brei dan 10 cm oop steek vir been van kousie.

**Hakvorming:** Verdeel ste in dele van 22 en 20 ste, brei 14 rondtes ks oor die 22 ste. Brei nou voort oor die middelste 10 ste en neem in elke rondte 1 st aan weersk van die middelste steke weer op. Tel dan 10 ste op uit syrande van hakstuk en brei weer met 4 naalde wanneer alle ste opgetel is. Vermin 1 st aan weersk van wreef, 5 keer.

Brei 25 rondtes, verdeel steke dan in 5 gelyke dele, vermin 5 ste in elke rondte tot slegs 'n paar ste oorbly, knip garing af, maar laat 'n lang stuk om deur oorbl ste te ryg, trek goed vas en werk netjies af.

## WIT MET RONDE SKOUERSTUK

**BENODIGDHEDE: Rokkie:** *3 bolle Pingouin Nr. 5 (50-g-bolle); breinaalde van 3 mm; 3 knope; satynlint om deur gaatjies te ryg.* **Sokkies:** *1 bol; stel van 4 tweepuntbreinaalde.*

**MATE:** *Om kleuter van ongeveer 2 jaar te pas.*

**SPANNING:** *30 ste en 40 rye = 10 x 10 cm met 3-mm-breinaalde, oor koussteek.*

**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); tes - tesame; alt - alternatiewe; herh - herhaal; vlg - volgende; RK - regte kant; beg - begin; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; ver-*

NA BLADSY 106



# Drie Waspoppies

VAN BLADSY 105

*meer - vermeerder; vermin - verminder; ks - koussteek; ms - mossteek; rs - reksteek; ml - maak een steek.*

**Verlengde steek:** Dit bestaan uit 2 rye wat soos 1 uitgerekte ry lyk.

**1e ry:** Steek regterbreinaald in steek op linkernaald en brei soos gewoonlik, maar draai garing dan 2 keer rondom breinaald.

**2e ry:** Brei die r-steek aweregsgewys en laat val die ekstra lus.

VOORPANT: Stel 138 ste op en brei 2 cm rs.

Slaan oor na ks, brei 8 rye, beg met 'n aw-ry.

Slaan oor na rs, brei 4 rye.

(Brei die 2 rye vir verlengde steek, dan 8 rye rs) 2 keer.

Brei die 2 rye vir verlengde steek, brei 4 rye rs.

Slaan oor na ks, vermin 4 ste in vlg ry soos volg: Brei 17 ste ks, r2tes, (32 ste ks, r2tes) 3 keer, dan 17 ste ks. Brei in vlg rye die ste soos hulle voorkom, brei in elke 6e ry vermin soos beskryf, hou vermin bokant vermin; brei so voort tot 106 ste oorbly. Brei voort tot werk 24 cm lank is.

**Vlg (vermin)ry:** *r1, (r2tes) 2 keer; herh van * tot laaste st, r1. Daar is tans 64 ste op breinaald.

Brei 4 rye r1-, aw1-rif.

**5e ry:** rif 2, ml, r2tes; herh tot einde.

Brei 10 rye rif. Slaan oor na ks en brei 8 rye.

**Mousgatvorming:** Heg 2 ste af aan beg van vlg 4 rye, vermin dan 1 st aan weersk van vlg ry — 54 ste.

Bei voort tot werk 30 cm lank is van begin af.

**Uitholling om ronde skouerstuk in te pas:** Brei 20 ste, heg vlg 14 ste af, brei voort op laaste 20 ste.

Heg 5 ste af aan halsrand in vlg 4 alt rye; knip garing af.

Heg garing vas aan halsrand van oorbl ste en brei 2e deel om ooreen te stem, vormings omgekeerd.

AGTERPANT: Soos voorpant tot riffelrye by middel voltooi is.

**Vlg ry:** Brei 32 ste en stel 4 ste op om knoopsgatflap te vorm; brei dié ste deurgaans in rs.

Maak 'n knoopsgat net bokant middelriffel en één net vóór begin van uitholling vir skouerstuk. Brei 2e stuk op dieselfde manier, alle vormings omgekeerd en sonder knoopsgate.

MOUE (2): Stel 34 ste op en brei 5 rye rs.

**Vlg ry:** Brei 2 keer regs in elke st — 68 ste.

Slaan oor na ks en brei 4 cm.

Heg daarna aan beg van elke vlg RK-ry 2 ste af tot 12 ste oorbly. Heg dié ste af.

SKOUERSTUK: Werk sy- en mounate toe.

Tel met tweepuntbreinaalde steke rondom halsrand op in volgorde van linkeragterpant, eerste mou, voorpant, tweede mou, regteragterpant; 136 ste altesaam. Brei heen en weer.

Brei ronde skouerstuk só: 4 rye rs, die 2 rye wat 1 ry verlengde steek vorm, weer 6 rye rs.

**Vlg (vermin)ry:** (r2tes, r5) 20 keer, r1 — 116 ste.

Brei die 2 verlengsteekrye, dan 6 rye rs.

**Vlg (vermin)ry:** (r2tes, r2) 29 keer — 87 ste.

Brei 2 verlengsteekrye, dan 4 rye rs.

Heg oorbl ste af.

Werk 'n stukkie petersham aan agterkant van knoopstrook vas om dit te verstewig. Werk 2 knope teenoor gebreide knoopsgate vas en plaas boonste knoop só dat 'n gaatjie van gaatjiesry vir knoopsgat gebruik kan word.

## SOKKIES

**Gaatjiesteek: 1e rondte:** *r2tes, ml, r2, aw2; herh van * rondom.

**2e en alle ewe rye:** aw8, r4.

**3e ry:** aw2, r1, r die 2e steek op linkernaald sonder om dit te laat val, brei dan die 1e st van linkernaald regs en laat val albei ste tes.

AANWYSINGS: Stel 42 ste op en met stel van 4 tweepuntbreinaalde brei 4 rondtes, brei daarna 1 rondte gaatjies (r2tes, ml); brei weer 4 rondtes, begin daarna die 10 cm gaatjiespatroon van been.

Slaan oor na ks om hak te brei, verdeel ste in 20 ste vir wreef en 22 ste vir hak; brei 14 rye ks (heen en weer) vir hak. Brei voort op die middelste 10 ste van die 22 om hak te vorm, neem steeds aan weersk van elke ry 1 st op uit die ongebreide ste; wanneer alle ste weer op één naald is, slaan oor na 4 breinaalde, hou die hak-ste in koussteek en die wreef-ste in gaatjiesteek. Vermin aan weersk van gaatjiespaneel 3 keer 1 st, brei 25 rondtes reguit. Verdeel die ste dan oor 5 breinaalde, en vermin ste in elke rondte tot 5 ste oorbly. Heg af. ●


# Sien tot 11km ver met die sakgrootte Spyscope



## Sien wat ver weg gebeur sonder dat iemand u sien!

## Twee gebruike vir die prys van een!

Superkragtige lense vergroot vergeleë huise, mense, voëls, natuurtonele. Trek die voorste buis uit en u het 'n nuttige 30x-mikroskoop.

Die fantastiese SPYSCOPE is net 5 cm lank en weeg skaars 28 gram. Tog is dit superkragtig vir duisende pretoomblike. Dit het die langafstandsterkte van 'n duurder verkyker. Kyk na mense, huise, sport, voëls, berge, mere, strande, skepe, ens. Aanbeveel vir mense wat van pret en die natuur hou, oral. Hoekom R600 of meer betee as SPYSCOPE u kragtige vergroting bied teen net R9,90.

NET R9,90

### GENIET SPORT MEER!

Dra SPYSCOPE in u sak — dit knip aan soos 'n pen. Altyd byderhand om motor- en perdewedrenne, voetbal of enige ander sportgebeurtenis van ander te sien. Sien al die aksie VAN NABY!

### ONTRAFEL GEHEIME!

Hou verdagte persone naby u huis of woonstel dop. U kan hulle sien, maar hulle kan u nie sien nie. Kyk na wilde diere op 'n afstand, hulle kry nie eers u reuk nie. Spyscope bied u lewenslange pret vir net R9,90. Kinders is dol daaroor — dis groot pret *en* opvoedkundig.

### DIS OOK 'N MIKROSKOOP!

Trek die voorste buis uit en hou dit vertikaal om die klein wêreld om u te besigtig. Ideaal vir versamelaars en ander stokperdjieryers.

### SORGSAAM GEMAAK!

SPYSCOPE is 'n 8x-sakteleskoop en 'n 30x-mikroskoop ontwerp en gemaak volgens presiese spesifiksies in Japan. Dit het 'n mooi chroomagtige afwerking en 'n gladde skuifaksie vir vinnige, akkurate fokusinstelling. Aanwysings is ingesluit by die aantreklike geskenkverpakking.

### 14-DAE-GELDTERUGWAARBORG

Postra staan agter elke produk wat hy verkoop. As u nie heeltemal tevrede is nie, stuur die Spyscope binne 14 dae aan ons terug en ons betaal die volle koopprys terug.

**BESTEL NOU SOLANK VOORRAAD HOU!**

**POSTRA, Posbus 994, Rivonia 2128, Tvl. Tel.: 803-1835**

Stuur asseblief so spoedig moontlik die SPYSCOPE vir R9,90 plus R1,25 pos en verpakkingfooie plus 67c verkoopsbelasting.

Ek is bewus daarvan dat indien ek nie volkome tevrede is nie, die SPYSCOPE aan u mag terugstuur na 10 dae en dat die aankoopbedrag aan my terugbesorg sal word. Aangeheg vind u kontant/tjek/posorder van R11,82 of stuur asseblief KBA. (R5,00 deposito moet aan alle KBA bestellings aangeheg word). Poskantoor KBA fooie van R1,41 sal ook aan alle KBA pakette bygevoeg word. R/R 24/8/83

Of koop by Royal-deurloop, Eerste Verdieping, Kerkstraat 62, Johannesburg. Tel. 803-1835.

Naam ..............................

Adres ..............................

..............................

Kode .................... Telefoon Nommer ....................

COMPLETE 1390